e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

21 Junie 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 20

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die Woord van God in ons eie taal

Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen **(Handelinge 2: 4)**

In Handelinge 2: 1-13 lees ons hoe die evangelie van Christus in verstaanbare tale verkondig word. Die dissipels was in 'n vertrek op een plek bymekaar. Die Heilige Gees het op 'n bonatuurlike wyse oor hulle gekom, en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het. Hulle het na buitentoe gegaan om God tussen die skare te prys. Van daardie dag af het God dit moontlik gemaak dat die blye boodskap van redding en genade aan alle mense verstaanbaar oorgedra kan word – aan elkeen in sy of haar moedertaal.

Hierdie tyd in die kerklike jaar staan bekend as die *Sondae van Pinkster*. In hierdie tyd dink die kerk in dankbaarheid aan die uitstorting van die Heilige Gees. God lei met die uitstorting van die Heilige Gees 'n nuwe tydperk in. Ons leef vandag steeds in hierdie nuwe tyd. Daarom kan en mag ons nie anders nie as om in verwondering aktief die evangelie van Jesus Christus uit te leef en te verkondig. Die kerk word vandag steeds deur die Heilige Gees toegerus vir haar taak om in hierdie wêreld te getuig dat Jesus die Here is.

Wanneer ons iets aan iemand anders wil vertel, moet ons 'n taal gebruik wat daardie persoon verstaan. Alle mense vra na waarheid en lewe – en so vra almal eintlik dan na God. Die evangelie van Christus wil nie net aan sommige mense iets gee nie, maar dit verkondig aan almal iets van dié waarheid dat God ons wil red van ons sondige bestaan. Alle nasies onder die son word geroep tot geloof in Jesus Christus. God praat vandag ook met u, in u eie taal. Wanneer 'n mens na jouself kyk, is jy dan verslae en selfs verbaas dat God hoegenaamd só na ons toe uitreik.

Dit is vir ons kosbaar om in Afrikaans te kan hoor en lees dat ons ook geroep is om deel te hê aan God se belofte dat ons, soos Christus, ook uit die dood opgewek sal word om met verheerlikte liggame in ewigheid by God te wees. Hierdie belofte is waar vir elkeen van ons wat deur die verkondiging van die Woord en die werking van die Heilige Gees tot geloof in Christus kom. Wanneer ons die Bybel in 'n ander taal lees of hoor, praat dit met ons verstand, maar wanneer ons die Bybel in ons moedertaal lees of hoor, spreek dit tot ons harte. Die Heilige Gees maak dit wat ons in die Bybel lees en hoor 'n lewende waarheid.

Instansies soos die Bybelgenootskap van Suid-Afrika beywer hulle daarvoor om die Bybel in mense se moedertaal te versprei. Kom ons ondersteun hulle heelhartig in hierdie groot taak!.

Ds Hennie Louw
Voorsitter: Komitee vir Bybelverspreiding

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Chris Liebenberg

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

Beroep aanvaar

- **Ds Chris Liebenberg** van Warmbad na Waterberg

Brugpredikant benodig

- Die **Otjiwarongo/Outjo-kombinasie in Namibië** benodig so gou moontlik die dienste van 'n **emerituspredikant** van die Kerk, om vir 'n tydperk van 2 tot 3 maande die kombinasie te bearbei. Die vorige drie emeriti wat op dieselfde basis met bediening gehelp het, di Philip Prinsloo, Hennie Aucamp en Nico Brayshaw (laasgenoemde twee in die Tsumeb/Grootfontein-kombinasie), het werk van onskatbare waarde gedoen. Die emeriti hou as't ware *vakansie* en ontvang kontant sodat dit nie werkspermit- en visumkomplikasies inhou nie. Kontak dr Frikkie Labuschagne, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), by 012 322 8885 x256 of **frikkie@nhk.co.za** vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- In 2011 het **Gemeente Wesmoot** se broodjieprojek oorgeskakel na 'n **broodjiebediening**, waar nie net brood gegee word nie maar ook die evangelie aan die kinders gebring word. **Ds Fanie Beukes** sê dat die Here hierdie bediening wat deur een dame gedryf is, geseën en uitgebrei het na amper 15 lede wat weekliks help om die toebroodjies vir behoeftige kinders in Laerskool Nicholas Smit en Hoerskool Tuine Tegnies voor te berei. Die droom is om vir elke kind wat weekliks broodjies kry ook 'n Bybel te gee. **Die Bybelgenootskap** het meer as 100 Engelse en Afrikaanse Bybels gratis verskaf. **Hierdie foto** is op 31 Mei geneem toe by Laerskool Nicholas Smit kos en Bybels uitgedeel is.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Twee maniere waarop die gesin en die gemeente by mekaar pas.** Hierdie inset verwys na die GGG-artikel in *Konteks* van Junie. 'n Tweede manier waarop die verband tussen *gesin* en *gemeente* benader kan word, is die *gesinsgesentreerde gemeente-ondersteunde (home centered, church supported)* benadering. Hiervolgens bestaan die gemeente se bediening aan gesinne daaruit om ondersteuning, hulpbronne en opleiding te gee aan ouers vir die geloofsoordrag wat primêr in die huisgesin plaasvind. Die eerste paradigma (waarna ons verlede week gekyk het) word hier verander omdat die gemeente betrokke raak in dit wat ouers vir hul kinders doen by die huisgesin. Die gemeente help huisgesinne dus om so effektief moontlik te funksioneer.

  Die gemeente se rol in hierdie vennootskap is om, saam met Woordverkondiging, ook toegespitste opleiding, ondersteuning en hulpbronne te bied en daardeur huisgesinne te bemagtig vir hul dienswerk in die gemeenskap en vir geloofsoordrag aan die volgende generasie. Die gevolg is 'n sterk en geloofwaardige gemeente.

  Riglyne vir gesprek hierdie week:
  - Ons het verlede week gesels oor die manier waarop gesinne aan die plaaslike gemeente gebind is. Gesels oor die moontlikheid om die gesinsgesentreerde benadering in die gemeente te vestig.

- Op watter maniere kan ouers aangemoedig word om hul rol in die geloofsvestiging van hul kinders te ontgin?
- Watter waarde sal die gesinsgesentreerde benadering aan die huidige praktyk van die gemeente se jeugbediening kan toevoeg?
- Beplan 'n gesprek met die ouers in die gemeente en bied aan hulle die geleentheid om te gesels oor hul behoeftes as mentors en hoe die gemeente hulle op die beste manier kan toerus vir hul lewensbelangrike taak.
- Volgende week se inset sal die laaste wees vir die maand. Ons gaan opsommend kyk na die moontlikhede van 'n gesinsgesentreerde gemeente-ondersteunde invalshoek vir jeug-/gesinsbediening.

Die GGG-werkspan wil gemeentes aanmoedig om 'n werkgroep in die gemeente te vestig wat met die waardevolle gesprek oor gesinsbediening in gemeentes kan leiding gee. Kontak ds Danie van der Watt by 082 572 4855 of ds Thinus van Staden by 084 589 7035 indien u 'n lid van die Raad vir Gesinsbediening vir gesprek na u gemeente of ring wil nooi. Seënwense aan elke gesin!

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**
  Baie bejaardes vereensaam omdat niemand hulle besoek nie. Doen gerus die moeite om op gereelde basis aan die bejaardes in jou gemeente en gemeenskap besoek te bring.
  Gaan na **www.diakens.co.za** vir meer inligting oor bejaardesorg.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind op **13 Julie** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van **betsie.brits@up.ac.za**. Die **sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 2 Julie.**

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za**, of kontak hom by 072 633 3367.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Junie, en word hartlik geluk gewens.**

Donderdag 21 Junie:	Ds Hennie van der Linde (Vliegepoort)
Vrydag 22 Junie:	Ds Rudi Schoeman (Theresapark)
Sondag 24 Junie:	Di Piet Botha (emeritus) en Nico Janse van Rensburg (emeritus)
Dinsdag 26 Junie:	Ds Leslie Kern (Ebenhaézer)
Donderdag 28 Junie:	Di Coen de Lange (emeritus) en Elsie Pretorius (Weltevreden)

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Pretoria-Oos Damesbediening: Toerusting**
  Kniel deur jou krisis
  Saterdag 28 Julie om 09:00
  Kerkgebou, Delyweg 100, Waterkloofpark
  Spreker dr Eugene Kemp
  R20 per persoon
  Bespreek teen 20 Julie by:
  Gemeentekantoor 012 460 8441
  Gerda van der Merwe **gerdavdm2@gmail.com**
  Elsa Geldenhuys **elsageldenhuys@gmail.com**

- **Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA)**
  Diploma in Himnologie 2012-2013
  Let op veranderde datum vir eerste byeenkoms: 15 September 2012
  Kursusfooi R800 per persoon per jaar
  Skakel met dr Elsabé Kloppers by **iksa@absamail.co.za** of 012 429 6589 (k)

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Port Shepstone: Prawnfees**
  Vrydag 6 Julie om 18:00
  Scottstraat 3
  Kaartjies @ R150, kinders onder 12 halfprys
  Eet soveel jy kan!
  Driegang maaltyd, spitbraai as alternatief
  Kontantkroeg
  Kontak Adri by 082 572 4280 of Petro by 084 951 8961

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid
  Vertrek op 30 Junie uit Pretoria
  Besoek Kempton Park, Drie Riviere, Vanderbijlpark, Sasolburg, Parys, Welkom, Wolmaransstad, Klerksdorp, Potchefstroom en Krugersdorp, en is op 14 Julie terug in Pretoria
  Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
  Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
  Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com** of 076 315 4218
  E-pos: **philadelphia@nhk.co.za**. Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

- **Gemeente Losberg in Fochville: Biltongaand**
  Vrydag 20 Julie
  Besighede kan tafel met 10 sitplekke bespreek vir R3 200
  Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong
  Verskeidenheid biltonge, cabanossies, chilli bites, kaassoorte, brode, konfyte
  Veiling sal gehou word
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
  Bespreek vroegtydig!

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  Pryse verval op 30 September 2012
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Saterdag 30 Junie: Diakonie van Gemeente Losberg in Fochville Boeremark**
  Stalletjies te huur R50, met krag R100
  Handgemaakte kunswerke, handwerk, naaldwerk, houtwerk, stokperdjies, vars produkte, blomme, boeke, ens
  Kosstalletjies slegs deur die Hervormde en Gereformeerde kerke afsonderlik
  Boeremark ook op 4 Augustus, 8 September, 29 September en 1 Desember
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
  Fondse gaan vir barmhartigheid

Gedagte vir die dag

Vanuit die verlede moet ons bou vir die konteks van die toekoms. Uit die tradisie moet ons bou vir die toekoms. Tradisie moet egter inspireer. Tradisie kan nie legitimeer nie. **(Prof Manuela Kalsky, Vrije Univ Amsterdam)**

ANDER NUUS

- **VAKATURE VIR PLEEGOUERS IN DIE DPS-HUIS RUSTENBURG**
  Datum van diensaanvaarding gedurende die derde kwartaal van 2012
  Aansoeke sluit 8 Julie 2012

  Die vereistes is onder andere:
  - Getroude egpaar
  - Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud
  - Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk
  - Goeie gesondheid
  - Aanvoeling vir kinders

  Benewens maandelikse kontantvergoeding ook gratis inwoning in die DPS-huis

  Kontak die volgende persone vir meer inligting:
  Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 of 079 495 2007 of kinderhuise@nhk.co.za
  Ds Johan van Wyk: 014 592 1779 of 082 577 4091 of vanwyka@mweb.co.za

  Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

- **Beeld-Kinderfonds 2012**
  Wen 'n Peugeot 107, seereis op MSC Sinfonia,
  vakansie by Go Wild Resorts of R50 000 in kontantpryse
  Maak donasie van R25
  Stuur SMS met PEUGEOT na 32541

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**
  15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)
  Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer
  Kontak ds HH van Alten by **hhvanalten@vgkmaranata.org.za**
  of 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **Bybelgenootskap: Gholfdag**
  Vrydag 22 Junie
  Royal Durban Gholfbaan
  4-bal samespel, puntespel 2 tellings om te tel
  R350 per speler (sluit aandete in)
  Borgskappe teen R500 per bof of ander pryse welkom
  Kontak Minnie Diener by 031 207 4933
  of **diener@biblesociety.co.za**

- **Bybelgenootskap: Gholfdag**
  Dinsdag 9 Oktober: Gelyktydige begin 11:00
  Serengeti-gholfklub
  Betterball Stableford
  R3 000 per 4-bal (sluit aandete in)
  Kontak Jenene Bernhardt by 011 552 7208
  of **jenene@serengeti.co.za**

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Ek wil u bedank vir die insiggewende voorbladartikels van die afgelope paar weke. In ons gemeente word geen kommunikasie vanaf die Algemene Kommissie vir die gemeente deurgegee nie. Ons hoor net die sH-menings. Daarom waardeer ons die aktuele voorblad met die nuus wat vir ons gemeente se voortbestaan van uiterste belang is. Vir ons is dit wel inspirerend. Die *e-Hervormer* was volgens my tog altyd 'n forum waar aktuele Kerksake bespreek kan word, selfs op die voorblad."

C Rademeyer, Potchefstroom Die Wilge

"Dit is met groot hartseer dat predikante en lidmate kennis neem wat in ons Kerk gebeur. Dankie aan die Algemene Kommissie vir die antwoorde op die Staat van Belydenis van die steedsHervormers. Ek vereenselwig my volkome daarmee en ook met die kommentaar van die ouddosente. Daar was nog altyd verskille oor politiek en selfs teologiese kwessies. Nog nooit was dit nodig om die Kerk daarvoor te verlaat of hofgedinge te begin nie. Laat ons almal ernstig bid en besin voordat ons op sleeptou geneem word en ons geliefde Kerk vaarwel sê soos sommige predikante en lidmate nou doen."

Prof Bieks Beukes

(*** Lees die **herderlike skrywe van die Kommissie van die AKV** na aanleiding van die **Staat van Belydenis** wat die steedsHervormers op 2 Junie 2012 uitgereik het, asook die **kommentaar van die ouddosente** op die Kerk se amptelike webblad. Gaan na **www.nhka.org** → Nuus en gebeure → Kortnuus.)

"Dankie vir dr Beukes se kommentaar. Ek hoop steeds dat die Kommissie van die AKV en beswaarde lidmate die impasse met gesprek sal vervang. Die impasse het vanweë verskillende redes ontstaan, en sal nie eensklaps opgelos word nie. Één is 'n reduksionistiese omgang met sake. Luister na die debat tussen Paul Tillich en Emanuel Hirsch in die 1930's, toe gespreksgenote te vinnig 'n politieke etiek as vertrekpunt vir teologiese verstaan geponeer of die nuanses in die gesprek ontken en breë kontoere verabsoluteer het. *Die leiding van die Heilige Gees kry gestalte met gesprek vanuit God se Woord* (AA van Ruler)."

Dr Christo Pretorius

En op 'n ligter noot:

"Geagte Johann [dr Johann Beukes], as kollega, oudklasmaat en universiteitspêl wil ek graag met jou saamstem of van jou verskil oor jou paragrafie aan Danie [dr Daan van Wyk jr] in die vorige *e-Hervormer,* maar ek weet nie wat jy sê nie. Aangesien jou gemeente nie te ver buite Johannesburg is nie, wil ek met 'n diep Johannesburgse aksent sê: *Ek tune jou, sê dit in Afrikaans my Bra.* Dan kan ons almal saamstem of verskil. "

Jou *wingman*, *Iceman*, ds CJ van Wyk, Randburg

Van die Ondersteuningsraad

Om dankie te sê, klink altyd na so 'n klein woordjie, maar dit spreek van ons dankbaarheid om in diens van Christus hier op aarde te staan. Om dankie te sê dat ons uit dankbaarheid diensbaar vir ander kan wees.

Dit is en bly maar uiters moeilik en traumaties vir enige maatskaplike werker om 'n stukkende kind uit 'n ouerhuis te verwyder. Dit veroorsaak ook vir maatskaplike werkers pyn wanneer 'n kind vra waarom sy ouers hom nie wil hê nie; dit veroorsaak 'n gevoel van magteloosheid wanneer 'n kind vra wat sy verkeerd gedoen het dat haar ouers haar elke aand met sigaretstompies brand en die maatskaplike werker 'n antwoord skuldig moet bly… Ons as maatskaplike werkers is ook maar net mense wat betrokke raak in ander se seer, ellende, woede, alleenheid, en soms het ons nie die antwoorde nie. Soms voel ons so oorweldig deur al die nood rondom ons dat ons moet besef ons kom nie by alles uit nie – die skuldgevoel dat ons nie oral kon help nie…

Dankie vir al die kantoorkomitees by ons verskillende kantore – julle wat ons hande omhoog hou, ons ondersteun, hulp gee waar nodig. Elke hand wat na óns uitreik, maak 'n verskil in mense om ons se lewens. Dominee, mevrou, meneer, oom, tannie – sonder julle kan ons kantoorkomitees nie funksioneer nie. Sonder julle kom ons nie by al daardie mense uit wat ons en julle hulp so dringend nodig het nie. Deur middel van projekte en verligting van mense se nood word selfwaarde en respek aan mense teruggegee. Julle is die mense wat dit moontlik maak. Baie dankie daarvoor.

Baie dankie aan die NHSV wat óns 'versorgers' is en na ons omsien – dit voed ons weer met nuwe hoop en energie om te doen wat van ons verwag word.

Ons is ryklik geseën om 'n diensorgaan van die Hervormde Kerk te wees. Dit laat ons geborge voel om binne so 'n familie te doen wat ons uit liefde en dankbaarheid doen: Om diensbaar te wees vir Christus hier op aarde.

Seënwense aan u almal.

OSR en personeel

OSR

Ondersteuningsraad OSR

reik uit, raak aan - reach out and touch

001-618 NPO

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx